# Afrikaanse Protestantse Kerk

Rig alle korrespondensie i.v.m. hierdie skrywe aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir aandag van:
Ds. HSW Strauss
redakteur@apk.co.za

30 Maart 2020

OMSENDBRIEF 7/2020

## *Die Boodskapper* : Mei-uitgawe

**Aan alle leraars, voorsitters van kerkrade en saakgelastigdes**

Geagte broeders en susters

Daar is slegs ’n paar dae van die grendelstatus agter die rug. Baie van ons geniet waarskynlik die rustigheid hiervan, maar ons moet ook vir die toekoms beplan. Ons besef dat die volgende paar maande waarskynlik geweldige finansiële uitdagings aan lidmate en gemeentes gaan stel. Ons probeer dus sover as moontlik pro-aktief optree.

In die lig hiervan het ons besluit om die Meimaand-uitgawe van *Die Boodskapper*, hoofsaaklik elektronies te laat verskyn. Alle gemeentes sal dus weer, soos in April, die elektroniese weergawe daarvan per WhatsApp en e-pos ontvang. U kan dit dan aan lidmate versprei. Gemeentes wat reeds hulle 2020-rekeninge vir *Die Boodskapper* vooruitbetaal het, sal vir Meimaand krediet op hulle rekeninge ontvang.

Ons besef egter dat daar moontlik gemeentes sal wees wat steeds die gedrukte weergawe verkies (hoewel hy moontlik laat versend sal word). Dalk wil u net ’n verkleinde oplaag daarvan bestel. Indien dit u keuse is, versoek ons gemeentes om ons asseblief nie later nie as Vrydag 3 April 2020 om 12:00 in kennis te stel van die hoeveelheid gedrukte weergawes vir Meimaand wat u verkies. Stuur asseblief u getalle per e-pos na boekwinkel@apk.co.za. Neem egter kennis dat u wel vir hierdie bestellings sal moet betaal. U sal egter steeds die elektroniese weergawe gratis ontvang.

Hierdie tyd waarin ons tans verkeer, bied vir ons unieke geleenthede. Daarom wil ek graag kerkrade aanmoedig om dit ernstig te oorweeg om eerder op die elektroniese weergawe van *Die Boodskapper* in te teken. Dit is heelwat goedkoper en kan wyd versprei word. Sodoende kan elke lidmaat *Die Boodskapper* op hul selfoon, tablet of rekenaar ontvang. Met die onlangse uitgawe wat ons elektronies uitgestuur het, sou u waarskynlik gesien het hoe lekker die

interaktiewe, elektroniese weergawe werk. Indien u dit dalk om een of ander rede misgeloop het, gaan loer gerus op *Die Boodskapper* se Facebook-groep en laai hom daar gratis af (klik sommer op die "like"-knoppie ook): https://www.facebook.com/groups/537515880204135/

Mag die Here u bewaar en mag Hy steeds u bediening seën en in hierdie tyd gebruik om sy koninkryk te laat kom.

Vriendelike groete



**Ds. HSW Strauss**
**Afdelingshoof: Publikasies en Multi-Media**

**Posadres:** Gemeenskaplike Kerkkantoor • Posbus 25139 Monumentpark 0105
**Straatadres:** Makoustraat 516 Monumentpark X2 0181 ☎ (012) 362-1390 📠 (012) 362-2023